


# Saam met jou huistoe

**Ruan Mocké**

Levitikus 19: 1 – 3

Die Here het vir Moses gesê: 2“Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig. 3Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooie oor die sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God.

Eksodus 20: 12

12“Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly
woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.”

Romeine 13

Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. 2Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry.

Hebreers 13

17Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie.

# *Skrif*

Efesiers 5

21 Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

# *Skrif*

Efesiers 6
KINDERS, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.
2 Eer jou vader en jou moeder — dit is die eerste gebod met 'n belofte —
3sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.
4En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

## *Skrif*

Fillipense 2: 7b – 8

En toe Hy as mens verskyn het,

8het Hy Homself verder verneder.

Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

# *Skrif*

Lukas 2: 49 – 51

49Maar Hy antwoord hulle: "Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?"

50Hulle het nie begryp wat Hy daarmee bedoel het nie.

51Hy het toe saam met hulle na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig. Sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

# *Skrif*

Deutronomium 6: 4 - 9
4“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste
Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart
en siel, met al jou krag.
6“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in
jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en
met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad
is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as
herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n
merk op jou voorkop wees. 9Skryf dit op jou deurkosyne
en op jou stadspoorte.